**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**



# Die Basuin

**03 FEBRUARIE 2019**

Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

***Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD***

**OGGENDEREDIENS** — **Teologiese Student JC Potgieter**

**Skriflesing** — Deuteronomium 7:6-8; Efesiërs 1:3-14

**Tema** — God het in liefde ons in Christus uitverkies om heilig voor Hom te lewe

Psalm 122:1,2
Psalm 75: 1,2,4
Psalm 51:1,2,3
Psalm 19:4,5
SB 1-1: 1,2,3

EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : 18H00

Die Bybel is baie duidelik daaroor dat dit God se besluit was om uit alle volke en tale sekere mense uit te kies. Tog word hierdie uitverkiesing vandag op verskillende maniere verstaan en verduidelik. Volgens die Arminiane (wat die meerderheid Christene vandag verteenwoordig) is God se uitverkiesing afhanklik van die mens se geloof. God sien vooruit wie sal glo en op grond van die vooruitgesiene geloof kies Hy mense om aan Hom te behoort. Daarteenoor leer ons in die Bybel dat God se uitverkiesing onvoorwaardelik is en berus op God se vrye besluit. God se uitverkiesing is nie gebaseer op geloof nie; geloof is 'n vrug van God se uitverkiesing.

**AANDEREDIENS** — **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** — Lukas 2: 25 - 40

**Tema** — Voluit vir God al is jy oud



Psalm 33: 10, 11
Psalm 84: 2, 4
Skrifberyming 3-4: 1, 4, 5

Simeon is 'n ou man. Anna is 'n ou dame van 84. Beide sien op dieselfde dag vir die Jesus as Hy besny word by die tempel. Hulle woorde is 'n wonderlike getuienis van hoop en vooruitsig wat deur die Heilige Gees na ons toe kom. Hulle hoop het nie beskaam nie en hulle kan beide die Here dank voor die mense dat die Christus werklikheid is. Ons is nooit te oud vir God se diens nie

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **03 Februarie** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Ekumenisiteit (Buitelands) |
| **07 Februarie** | **18:00** | Bybelstudiekommissievergadering. | |

## KATKISASIE

Daar is katkisasie direk na die erediens. Al die jongmense moet asseblief in die konsistorie bymekaar kom vir die opening. Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lesse.



## KONSISTORIEDIENSBEURT 03 FEB 2019

**Diensbeurt:** Wyk B2

**Katkisasie:** Graad 3

**Ouderling:** Douw Venter

**Diaken:** Francois Pretorius

## OOG VIR MEKAAR

- Ons bid steeds vir At Cronje en sy gesin. Die helfte van sy seun se nier is verwyder. Sterkte vir julle.
- Ons bid vir Lida Borman wat weer chemo moet ontvang. Mag die Here in Sy Almag julle gesin vashou en dra in die volgende tyd.
- Ons bid vir Hennie Oelofse wat tans chemo behandeling ontvang. Mag jy en Julie die genade en krag van die Here ontvang om die pad in die geloof te stap.
- Annatjie Venter se moeder van 90 het longontsteking gehad. Ons bid vir julle en dank die Here dat daar beterskap is.
- Tannie Rina Buys sukkel met 'n baie seer oor. Ons hoop die behandeling sal vinnige verligting bied.
- Asseblief as jy net effens dink jy wil: Groepleiers vir die koningskinderkamp in Maart. Jy het net 5 kinders om te begelei. Jy sal die nodige toerusting ontvang. Kom praat asb met ds Sarel.

# LIDMATE VERTREK

Sr. Christien Geldenhuys vertrek na Gk Laeveld (Tzaneen).

# NUWE LIDMATE

Br. Dirk, Sr. Magda Heinlein en 2 Dooplidmate Lumé en Ruan.

| | | |
|---|---|---|
| Kontaknommer: | 083 281 0772 en 076 340 9008 | |
| Wyk: | C1 | |
| Ouderling: | Phillip van der Walt | 083 277 6828 |

# ALGEMEEN

⇒ Kontak vir Cecelia na die erediens as jy nog wil help om vir die Ystertjies kos te maak.

⇒ Gewillige groepleiers vir die Koningskinderskamp is nog steeds Welkom .

⇒ Onthou om julle name op die bord te skryf vir die Sustersaamtrek as jy wil saamgaan- die afsluitingsdatum is DV 8 Feb. 2019.

## OUERS MET KINDERS BYBELSTUDIEGROEP

Ouers met kinders is welkom om saam met ons een keer 'n maand op 'n Sondag te kom kuier en bybelstudie te hou. Ons begin Sondag 17 Feb. met ons eerste byeenkoms. Skryf julle naam op die Kennisgewingbord. Ons sal die Bybelstudiemateriaal vir julle e-pos en 'n WhatsApp groep begin om verdere reëlings daarop te tref. Kontak vir Betsie (084 209 4220) of Marlene (083 648 5397) vir meer inligting.

# TEESKINKBEURTE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **03 Februarie** | Nadia Kotze | B2 | **10 Februarie** | Rianca Korff | P3 |
| | Anina du Preez | B4 | | Joanita Kuilder | B1 |
| | Anita Korff | P3 | | Elna Pienaar | P3 |
| | Daleen Korff | B1 | | Jessie Rosser | B2 |
| | Madeleen Korff | B1 | | Riana Olivier | B1 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DOPPERDIENS

Ons wil graag ‘n blaadjie in die gemeente beskikbaar stel vir dienste wat ons lidmate in die gemeente kan lewer.

Enige lidmaat wat enige diens verrig is welkom om in die Dopperdiens te adverteer.  Daar is geen kostes aan verbonde nie. Stuur dit na: admin@gereformeerd.co.za in besigheidkaartjie grootte. Ons sal die blaadjie saamstel en in die gemeente beskikbaar stel as vinnige naslaan van dienste/besighede

## GESKIEDENIS VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN PIETERSBURG.[4]

Die afsterwe van Ds. De Ridder in 1896 was‘n groot verlies vir beide die gemeentes in Nylstroom [Waterberg] en Pietersburg. Saam met die gemeente in Nylstroom word Ds. J.A. van Rooy beroep en in 1897 kry die gemeente in Pietersburg weer ‘n konsulent. Ds van Rooy hou sy eerste nagmaal op Pietersburg op 10 Desember 1897. Nadat Ds. Van Rooy na die Engelse/Boere oorlog ‘n beroep na Bethulie aangeneem het, het Dr.J.D. du Toit vir ‘n tyd lank as konsulent van die gemeente gedien. Daarna het Ds M. Postma leraar van Waterberg geword en ook as konsulent van Pietersburg gedien. Na Ds. Postma het Waterberg in kombinasie met Pietersburg Ds. J.P. van der Walt as leraar van die twee gemeentes beroep.In die notule van die Pietersburg gemeente se kerkraadsvergadering van 8 Oktober 1910 lees ons dat kollektelyste in die gemeente uitgestuur is om geld in te samel om ‘n eie predikant vir die gemeente te beroep.

So word daar tydens nagmaal op 7 Januarie 1911 op voorstel van broeder B.J. Venter voorgestel dat ‘n eie predikant beroep word. Ds. H. Ph. Pasch word deur die gemeente beroep. Die gemeente Waterberg maak egter hierteen beswaar omdat die Pieterburg gemeente nog in kombinasie met Waterberg was en dus nie ‘n eie predikant kon beroep nie. Ds. Pasch neem egter nie die beroep aan nie. Eers in 1919 word die kombinasie met Waterberg opgehef en tydens die nagmaalviering op 11 Julie 1919 word Ds. Pasch weer beroep. Hierdie keer neem hy die beroep aan en word op 23 Januarie 1920 tydens nagmaal in die gemeente bevestig Dit was die gemeente se eerste eie predikant wat in die pastorie in President Krugerstraat gewoon het. Die kerkgebou in Kerkstraat is ook gedurende hierdie tyd gerestoureer.

Uit verskeie van die kerkraadnotules gedurende 1910 en 1920 lees ons van verskillende lidmate wat onder sensuur geplaas is weens dans en ander oortredings en ‘n paar lidmate is selfs van die gemeente afgesny. Een van die notules lees as volg: “De kerkraad is van oordeel dat broeder......... en familie wegens verregaande ongepastheid en brutaliteit word aangeschreven om voor den kerkraad te verschijnen” Aan onwillige broeders om kerklike bydraes te gee is ernstige vermanings gerig en selfs met tug optrede gedreig.

Die notules van 1906 tot 1919 verwys ook verskeie kere na die vervoerprobleme van die predikante. Aanvanklik is hulle met ossewaens of te perd vervoer. Daarna is hulle met skotskarre en bokwaens vervoer tot die kerkraad later ‘n perdekar met twee perde kon aanskaf Die perdekar is later met ‘n spaaider en twee muile vervang. Eers met die koms van Ds. P.J. de Klerk in 1930 het die kerkraad die eerste motor teen 210 pond [R420] in daardie tyd se geldwaarde aangekoop. Die motor kon slegs vir kerklike doeleindes gebruik word.

Volgende keer oor die ander predikante in die Pietersburg gemeente.

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.
**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Belydend/Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| So.– 03 Feb. | Rudolf Korff | B | 083 301 9043 |
| Ma. - 04 Feb. | Berrie vd Walt | B | 078 025 2045 |
| | Elzje vd Walt | B | 082 802 6942 |
| | Ds. Sarel Venter | B | 082 809 0222 |
| Di. - 05 Feb. | Esther Borman | B | 082 963 9239 |
| | Jané de Witt | D | 084 209 4220 |
| | Rienie Oosthuizen | B | 082 676 3235 |
| | Leoné Vorster | B | 083 779 5395 |
| Do. - 07 Feb. | Cassie Carstens | B | 081 354 3400 |
| | Kiewiet de Rand | B | 082 882 7975 |
| | Henno vd Walt | B | 079 083 1932 |
| Sa. - 09 Feb. | Xander Weidemann | D | 082 610 0623 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 03 Feb. 2007 | Christiaan & Lienkie Hoogendyk | 12 | 084 802 3323<br>083 703 5925 |
| 05 Feb. 1994 | Danie & Linamari Slabbert | 25 | 082 557 8705<br>082 684 5145 |
| 08 Feb. 1969 | Louis & Gerda Marx | 50 | 072 620 3404<br>079 510 8209 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na ere-diens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg-Suid** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees."*

*Efesiers 1:5*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS